

SPORT FOTOGRAFIE

DEUR

HENDRIK ZARLUS JOHANNES KUHN

VOORGESTEL OOREENKOMSTIG MET DIE
VEREISTES VIR DIE NASIONALE DIPLOMA FOTOGRAFIE
IN DIE DEPARTEMENT FOTOGRAFIE.
FAKULTEIT VAN KUNS EN ONTWERP, TECHNIKON OVS.

NOVEMBER 1994

INHOUDSOPGAWE

INLEIDING	P.1
GESKIEDENIS VAN SPORTFOTOGRAFIE	P.2
TOERUSTING WAT DEUR FOTOGRAWA GEBRUIK WORD	P.3
ONDERHOUD MET 'N PROFFESIONELE FOTOGRAAF	P.10
TEGNIKE IN SPORTFOTOGRAFIE	P.13
BASIESE REËLS VIR SPORTFOTOGRAWA	P.17
AKSIE FOTOGRAFIE	P.18
SPORTSOORTE	P.20
SKRYWER SE WERK	P.27
SLOT	P.39
BIBLIOGRAFIE	P.40

LYS VAN ILLUSTRASIES

FIGUUR 1: SAALPERD, H. Z. J. KUHN, 1994	P. 27
FIGUUR 2: RUGBY, H. Z. J. KUHN, 1994	P. 28
FIGUUR 3: MOTO X, H. Z. J. KUHN, 1994	P. 29
FIGUUR 4: ROLBAL, H. Z. J. KUHN, 1994	P. 30
FIGUUR 5: ONDERWATERHOKKIE, H. Z. J. KUHN, 1994	P. 31
FIGUUR 6: MARATON, H. Z. J. KUHN, 1994	P. 32
FIGUUR 7: KARATE, H. Z. J. KUHN, 1994	P. 33
FIGUUR 8: MICROLITE, H. Z. J. KUHN, 1994	P. 34
FIGUUR 9: FIETSRY, H. Z. J. KUHN, 1994	P. 35
FIGUUR 10: KRIEKET, H. Z. J. KUHN, 1994	P. 36
FIGUUR 11: POOL, H. Z. J. KUHN, 1994	P. 37
FIGUUR 12: WATERPOLO, H. Z. J. KUHN, 1994	P. 38

INLEIDING

Sportfotograawe is soos atlete. Hulle moet soos 'n losskakel mik wat pale toe skop, die refleksies van 'n bokser en die konsentrasie van 'n tennisspeler hê.

Die sportfotograaf se hand-oog kordinasie moet die sluiters van die kamera aktiveer op die regte oomblik. Hy moet uitstekende aanleë vermoë hê.

Die fotograaf moet vir lang tye sonder end sy telefoto lens gefokus hou anders is dit slegs onbruikbare uitfokus beelde.

Net soos spelers op die veld nie hulle konsentrasie mag verloor nie, net so moet 'n sportfotograaf ook bewus wees van elke beweging wat plaas vind op die veld.

Deur te kan voorspel wanneer aksie gaan plaasvind is die sleutel tot goeie sportfotografie. Inteenstelling met ander vorms van fotografie het die sportfotograaf min of geen beheer oor die aksie wat voor hom plaasvind nie.

Die fotograaf moet die oomblik voorspel wanner die aksie goeie foto's kan oplewer. Dit vereis 'n groot mate van gereedheid, vinger reg om druk toe te pas om die sluiters te aktiveer op die presiese oomblik om die film te belig.

GESKIEDENIS VAN SPORTFOTOGRAFIE

Geen aksie is deur die eerste fotograawe vas gevang nie. Die rede hiervoor was dat hulle prosesse te eenvoudig was en dat die materiaal wat hulle gebruik het nie sensitief genoeg was nie.

Die eerste foto's waarin aksie vasgevang is was stereoskopiese oogpunte van strate in stede en in miniatuur figure van voetgangers was sigbaar in die foto's.

(The History of Photography, Newhall, 1982)

'n Fotograaf wat gefasineerd was deur aksiefotografie was Edweard Muybridge. Die argument of 'n perd se pote almal gelyk van die grond af is wanneer die perd gallop het hom geïnspireer om die soort fotografie te doen.

Teen 1877 het Muybridge 'n aantal kameras opgestel en elkeen is deur 'n lyntjie geaktiveer wanneer die perd oor dit gehardloop het. Die sluiterspoed van elke kamera was ongeveer 1/1000 van 'n sekonde. Dit was die eerste en mees belangrikste stap wat gelei het tot aksiefotografie.

(The Story of Photography, Langford, 1980)

TOERUSTING WAT DEUR SPORTFOTOGRAWE GEBRUIK WORD

35MM ELR

Die 35mm Enkel Lens Reflex kamera is by verre die mees veelsydigste van alle kamera ontwerpe. Dit bied die mees uitgebreide en volledige reeks lense en toebehore.

Die fotograaf kan deur die lens kyk na die onderwerp en sodoende word die parralaks fout uitgeskakel, omdat die fotograaf presies sien wat afgeneem gaan word.

Deur die lens liglesing(TTL) bied ook akurate beheer oor die beligting van die film. Dit laat die fotograaf toe om te konsentreer op die komposisie van die foto.

Die 35 mm ELR-kamera is klein invergelyking met ander tipes professionele kameras.

MEDIUM FORMAAT KAMERAS

Rol film kameras gebruik 'n groter film formaat as die 35 mm ELR kameras en is nie so kompak soos 35 mm ELR-kameras nie.

Die beperkte aantal raampies per film (gewoonlik tussen 10 en 15) kan 'n voordeel wees teenoor tussen 20 en 36 raampies per film aangesien die film vinniger vir ontwikkeling geneem kan word. Die groter formaat film bied ook verbeterde beeld kwaliteit en resoluksie.

Die medium formaat kamera bied ook 'n oplossing tussen die veelsydige kompaktheid van die 35 mm ELR en die beeld kwaliteit van die groot formaat kameras.

LENSE

'n Lens het die belangrike werk om ligstrale te versamel wat deur die onderwerp gereflekteer word en dit dan te projekteer as 'n beeld op die ligsensitiewe film in die kamera.

Die skerpheid van die beeld word bepaal deur die kwaliteit van die lens. Die beste lense word gemaak van verskillende tipes spesiale optiese glas wat in lae geveg word om hoogs ingewikkelde optiese instrumente te vorm.

Daar is vier basiese tipes lense - standaard, langfokus, wye hoek en zoem lense.

Lense word gewoonlik geklasifiseer volgens hulle fokale lengte omdat dit die soort beeld wat gevorm word bepaal. Die fokale lengte is die afstand van die lens na die gefokusde beeld wanneer die lens gestel is op oneindig.

In 'n kamera is die gefokusde beeld op die film basis. 'n Lens met 'n kort fokale lengte bv. 28mm sal die inkomende ligstrale skerp buig om slegs 'n klein vergroting te produseer en om meer van die voorgrond in te sluit.

'n Langer fokale lengte lens aan die ander kant gee 'n groter vergroting van die onderwerp, maar elimineer baie van die voorgrond in die finale beeld.

Aangesien fokale lengte in die kamera gemeet word as die afstand tussen die lens en 'n infokus beeld, wannier die lens gefokus is op oneindig vir 'n onderwerp. Die probleem ontstaan dat lang fokus lense fisies groter is as kort fokus lense en dit veroorsaak probleme met hantering.

'n Tradisioneel ontwerpte 1000mm lens kan baie swaar wees en onhanteerbaar raak, terwyl 'n lens met 'n fokale lengte van 24mm die ELR-kamera sal verhoed om die spieël van die kamera te gebruik.

Vir wye hoek lense het die retrofokus ontwerp beteken dat die fisiese groter van die lens vergroot, maar dat die kort fokale lengte behou word. Sodoende word genoeg spasie gelaat vir beweging van die kamera se spieël.

Die telefotolens ontwerp doen presies die teenoorgestelde vir lang fokus lense deur die interne afstande te verkort. Al twee opereer op presies dieselfde prinsiep deur gebruik te maak van twee groepe elemente.

Nog 'n ander uitweg vir die optiese probleem is die moontlikheid om die pad van lig deur 'n lang fokus lens te vou deur middel van spieëls. Hierdeur kan dieselfde fokale lengte geproduseer word, maar in 'n meer kompakte vorm.

Die prinsiep is dieselfde as wat gebruik word by baie van die groot teleskope. Dit beteken dat redelike sterk katedioptriese of beter bekend as spieël lense relatief kort en kompak kan wees.

Die verskil in prys tussen twee lense van dieselfde tipe en wat geproduseer is om dieselfde werk te doen sal gewoonlik teweete wees aan 'n verskil in spoed of maksimum lens opening van die lense. Hoe vinniger 'n lens is hoe groter is die lens se vermoë om verskillende ligtoestande te hanteer.

ONDERSTEUNING VIR DIE KAMERA

Met 'n stadige sluiterspoed veral met lang fokale lense is een of ander tipe ondersteuning nodig vir die kamera. Dit is moontlik om jou vermoë om met 'n kamera uit die hand te skiet sonder om te bewe te verbeter, maar van 'n sekere punt af is dit wel nodig om van 'n driepoot of 'n ander tipe ondersteuning gebruik te maak.

Wanneer presiese komposisie belangrik is, is dit 'n voordeel om die kamera se posisie te kan beheer. 'n Driepoot is die standaard manier om 'n kamera te ondersteun. Die ideaal is dat die driepoot die kamera sowel as die lens sal ondersteun in die toestande

wat heers, maar ook lig genoeg sal wees om maklik te kan vervoer of saam te dra.

Die enkelpoot plus jou eie twee bene staan gelyk aan 'n driepoot. Dit is kompak, vinnig om te gebruik en maklik om te dra. Die gewig van die toerusting word deur die enkelpoot gedra.

MOTORAANDRYWERS

Vir die hedendaagse sportfotograaf is die motoraandrywer van onskatbare waarde aangesien die fotograaf 'n aantal foto's kan neem sonder om die film self aan te wen. In sommige gevalle kan die motoraandrywing veroorsaak dat die fotograaf die hoogtepunt van die aksie mis.

Die motoraandrywing aktiveer die sluiters, wen die film aan en bring die sluiters weer in gereedheid vinniger as wat jy jou oë kan knip. Die meeste motoraandrywers opereer teen ongeveer 2 tot 5 raampies per sekonde, maar enkel raampies kan ook geskiet word. Krag word gewoonlik verkry van 'n battery pak.

Krag aanwenners opereer teen ongeveer 2 raampies per sekonde. Dit is basies 'n vereenvoudigde motoraandrywer sonder die vermoë om aanhoudend te skiet.

ELEKTRONIESE FLITS

Daar is sekere tye wanneer die elektroniese flits baie waardevol is en daar geen ander alternatiewe vorm van beligting is nie. Wanneer binnehuis geskiet word en die beskikbare lig baie swak is, is die elektroniese flits handig. Die krag en effek van van die elektroniese flits hang af van die onderwerp afstand en die lensopening wat op die kamera gestel is.

Sluiterspoed is gewoonlik gesinkroniseerd met die elektroniese flits teen tussen $1/60$ en $1/250$ van 'n sekonde. (enige spoed met "syncro" sluiters.) Die meerderheid elektroniese flitse is outomaties, maar dit kan ook met die hand geopereer word. Die outomatiese flits werk deur die lig wat gereflekteer word van die onderwerp af te meet terwyl die flits gevuur word. Dit word moontlik gemaak deur 'n beheer instrument wat bekend staan as 'n trysistor.

Die trysistor bereken die beligting wat benodig word en deur die krag af te sny wanneer die korrekte beligting bereik is word krag spaarsaam gebruik. Die herlaai tyd hang af van hoe groot die flits se kapasitor of kragbron is en ook die onderwerp afstand. Wanneer 'n onderwerp baie lig benodig het, sal die elektroniese flits langer neem om te herlaai. Vinnige films vermeerder nie die krag van die flits nie. Die films het slegs minder lig nodig om die onderwerp te belig. 'n Elektroniese flits se lig is miskien die sterkste wanneer dit direk na die onderwerp gerig word, maar die effek mag miskien te hard wees, met sterk skaduwees.

BELIGTINGS METERS

Moderne kameras het TTL-meters (deur die lens ligmeters) wat akkuraat is, maar sommige fotograawe verkies steeds 'n apart handhoubare beligtings meter .

Beide is instaat om beligting te bereken deur die lig te meet wat gereflekteer word terug van van die onderwerp af, maar s die handhoubare meter kan invallende lig wat op die onderwerp meet. Invallende liglesings is veral 'n effektiewe metode om beligting te bereken wanneer kleurskyfie film gebruik word. handhoubare meter neem slegs 'n lesing van die intensiteit van die lig wat op die onderwerp val.

Weerkaatsende lig beligtings lesings hang af van die heldert van die onderwerpe wat afgeneem word. Om 'n invallende lig te neem word die meter so na aan die onderwerp gehou as moor in die rigting van die kamera.

ONDERHOUD MET 'N PROFESSIONELE FOTOGRAAF

Gerhard de Bruin, Rapport

1. Hoe het jou beroep in fotografie begin en watter doelstellings het jy reeds bereik ?

Ek het dit begin as 'n stokperdjie jare gelede toe ek nog op laerskool was. Ek het op skool die rugby en ander sport afgeneem vir ekstra geld. My eerste kamera was 'n Pentax K1000, met 'n 50mm lens. Ek het later 'n 80-200mm zoom lens bygekoop vir sport, asook 'n 28mm wyehoek lens vir landskappe, geboue, ensovoorts. Terwyl ek nog op skool was het ek my eerste donkerkamer gebou. Ek het later by PE Technikon fotografie gaan studeer. Terwyl ek gestudeer het, het ek deelyds by Oosterlig en PE Herald gewerk vir geen betaling, asook by PE technikon se koerantjie. Ek het ook vryskut werk gedoen vir Rooi Rose, Sarie, Keur, Cape Style, Personality en Huisgenoot. Ek het in 1989 by die Sondagkoerant Rapport begin werk waar ek nog steeds is.

2. Waarvoor kyk jy wanneer jy by 'n sportbyeenkoms sportfoto's neem ?

Dit hang af van watter tipe sport ek afneem. Met die meeste sportsoorte kyk ek egter hoe 'n naby skoot ek van die deelnemer kan kry, terwyl die fokus nog steeds op die sport is byvoorbeeld met enige bal-sport moet die bal deel wees van die foto anders is die foto niksseggend. Dit is meestal die geval, maar sommige foto's werk wel.

Hiervoor gebruik ek gewoonlik 'n lens met 'n fokale lengte van 200 tot 600mm of selfs 800mm afhangende van die sport. Met sportsoorte soos atletiek gebruik ek meestal 'n 85mm lens of iets soos 'n 300mm F2.8 lens. 'n Sluiterspoed vir sport is meestal 1/500 of 1/1000 van 'n sekonde. Ek kyk ook vir dramatiese dinge, spelers wat mekaar omhels of gelukwens, iemand wat lê en krul van die pyn na 'n kramp, huil na hy verloor het, 'n vuisgeveg, sulke tipe dinge.

3. Wat se tegniese probleme ondervind jy in sportfotografie ?

Daar is baie. Baie hang af van jou toerusting. Tans gebruik ek twee Nikons, 'n F3 en 'n FE2 altwee baie goeie kameras vir sport. Die verskil kom by die tipe lense wat gebruik word. 'n Vinnige lens van F2.8 is gewoonlik die idiaal omdat swak lig soms groot probleme kan beteken en film ook dan gedruk moet word. Ek gebruik meestal Ilford HP5. Indien kleur skyfiefilm gebruik word is dit egter 'n ander storie want liglesings moet absoluut een honderd persent korrek wees. Koerante en tydskrifte gebruik meestal kleur skyfiefilm. Soms gebruik jy 'n flits en hier kom 'n Nikon FE2 handig te pas, want dit het 'n sinkronisasie spoed van 1/250 van 'n sekonde. By 'n koerant is tyd baie belangrik daarom moet ek die films in die kortste tyd moontlik kan ontwikkel. Vir swart en wit film gebruik ek Ilfotec ontwikkelaar waarin ek films vir 3 minute 30 sekondes teen 24 C ontwikkel. Ek gebruik ook "multigrade" papier.

4. Wat is die toekoms van sportfotografie ?

In sportfotografie sal daar altyd 'n toekoms wees, veral in Suid-Afrika, 'n sportmal land, waar daar 'n geweldige aanvraag is vir sportfoto's. Sportfotografie is ook die tipe fotografie waar die manne van die seuns geskei word. 'n "Goeie fotograaf" is nie altyd noodwendig 'n goeie sportfotograaf nie. Jy moet 'n talent daarvoor hê.

5. Watter tegnieke word in sportfotografie gebruik ?

Jou foto's moet in fokus wees, soms 'n groot probleem. Die meeste sportsoorte waar mense betrokke is sal jy gewoonlik die figuur in aksie vries byvoorbeeld rugby. Soms is dit egter meer treffend vir effek as jy 'n foto bietjie "blur" soos met byvoorbeeld motorsport, fietsry ensovoorts. Dit moet nie lyk asof 'n formule 1 motor op die baan geparkeer is nie, wanneer daar egter 'n ongeluk is, is dit noodsaaklik om die aksie te vries

6. Het jy enige advies vir aspirant sportfotograwe ?

Neem soveel sportsoorte af soos wat jy kan om soveel moontlik ervaring op te doen. Eksperimenteer met verskillende films, lense, ensovoorts sodat jy kan uitvind wat werk die die beste vir jou. Oefen ook in ongewone lig-situasies, sodat jy weet wat om te doen, sou so iets ooit met jou gebeur.

TEGNIEKE IN SPORTFOTOGRAFIE

Sluiterspoed wat vinnig genoeg is om aksie te vries beperk die hoeveelheid lig wat die film bereik drasties. Een oplossing vir die probleem is om vinniger film te gebruik. In besonderse swak ligtoestande kan selfs die vinnigste film nie sensiteif genoeg wees nie. Deur die ontwikkelings tyd van kleur skyfie en swart e wit film te verleng kan dit moontlik wees om nog 'n bietjie meer spoed uit die film te kry. Byvoorbeeld deur Ilford HP5 400 ASA te druk na 1600 ASA of selfs 3200 ASA

SLUITERSPOED

VRIES VAN BEWEGING

Aksie fotografie vereis kameras met 'n top sluiterspoed van ten minste 1/1000 van 'n sekonde. Sommige moderne kameras het 'n sluiterspoed van 1/8000 van 'n sekonde en daar is reeds kameras beskikbaar met 'n top sluiterspoed van 1/12000 van 'n sekonde.

Die vries van beweging hang af van die sluiterspoed en hoe vinnig die beeld van die onderwerp voorkom om deur die gesigsveld van die beeldfinder van die kamera te beweeg.

Om 'n skerp in fokus foto te neem van 'n motor wat teen 48km/h die raam van die beeldfinder ten volle vul sal 'n sluiterspoed van 1/2000 van 'n sekonde benodig word.

Alhoewel, indien die motor die helfte van die beeldgrote is as gevolg van 'n verder kamera posisie of 'n wyer hoek lens sal 'n sluiterspoed van 1/1000 van 'n sekonde voldoende wees vir 'n skerp in fokus beeld.

PANNING

Die standaard tegniek vir aanhoudende beweging is "panning". Deur die onderwerp met die kamera te volg sodat die onderwerp gesentreerd in die raam bly. 'n Sluiterspoed moet gekies word wat vinnig genoeg is om 'n skerp beeld te verkry en niks meer nie. Die agtergrond word omskep in 'n beblurde area wat die onderwerp laat uitstaan en dit beklemtoon die gevoel van beweging. Panning is meer geskik vir fotografie van onderwerpe wat beweeg op 'n redelike reguit en voorspelbare roete soos motorresies, fietsry en hardloop.

BLUR

Somtyds word die gevoel van beweging verloor deurdat die aksie gevries word. Alles lyk dan te skerp in fokus en dit lyk glad nie eg nie. Deur die beeld effens te "blur", maar nog steeds skerpheid te behou kan 'n meer egte beeld verkry word. Hoe stadiger die sluiterspoed is, hoe meer blur word verkry. Met 'n sluiterspoed van 1/8 van 'n sekonde of stadiger sal die meeste bewegende voorwerpe beweging aantoon.

In die geval is dit belangrik om die kamera stil te hou om te verseker dat die agtergrond steeds skerp in fokus is.

ZOEM TEGNIEK

'n Zoemlens bied twee voordele in aksie fotografie. Eerstens bied dit 'n verskeidenheid fokale lengtes in 'n eenvoudige lens.

Tweedens deur te zoem met die lens tydens beligting kan beweging bygevoeg word by aksie onderwerpe. Dit kan selfs stilstaande onderwerpe laat voorkom asof dit beweeg. Die tegniek vereis 'n baie stadige sluiterspoed van $1/30$ van 'n sekonde of minder. Om ongevraagde beweging te vermy kan 'n driepoot gebruik word.

Sentreer die onderwerp in die beeldfinder sodat die streepagtige lyne 'n egalige ring vorm om die onderwerp. Stel die zoemlens tot op die maksimum fokale lengte voordat daar gefokus word.

Begin deur terug te zoem en druk dan die knoppie om die sluiters te aktiveer wanneer die zoemlens die middel van sy fokale lengte bereik. Hou aan om dit uit te zoem totdat die hele fokale spektrum van die lens gedek is. Die zoem tegniek gee die mees dramatiese resultate wanneer daar baie kleur of tonale kontras teenwoordig is in die beeld.

Die tegniek kan gebruik word om die beweging van 'n onderwerp 'n
ent weg in verhouding te bring en die onderwerp te vergroot. Die
komposisie van die finale produk kan verander word deur die
gesentreerde ligging van die onderwerp te verander.

BASIESE REËLS VIR SPORTFOTOGRAWA

Ervare sportfotograawe volg 'n paar basiese reëls wat op omtrent enige situasie toegepas kan word.

1. 'n Goeie kennis van die sportsoort wat jy wil afneem.
2. 'n Goeie kennis van die meganiese funksies van jou kameratoerusting, sodat jy kan konsentreer op die sport.
3. Probeer beplan vir jou toerusting benodigdhede vir die spesifieke situasie so lank as moontlik vooruit.
4. Bly uit die pad van die atlete en beamptes. Probeer om nie die gesigsveld van toeskouers te versper nie. Bly ten alle tye van die speelveld af.
5. Wees altyd gereed. Kyk vir die onverwagte aksie wat 'n storie vertel. Die hardloper mag miskien by die eindstreep val, die skrumskakel mag die bal mistas ensovoorts. Sport geleenthede is onvoorspelbaar, maar die sportfotograaf wat die presiese oomblik voorspel om te skiet sal beloon word met opwindende foto's.

AKSIE FOTOGRAFIE

Spoed was nog altyd een van fotografie se mees aantreklike aspekte. 'n Eeu gelede was mense verstom om te sien dat 'n portret in 'n kwessie van minute of sekondes geneem kon word. Hulle was nog gewoond aan portret skilders wat weke en selfs maande geneem het om 'n portret te voltooi. Met die koms van sensitiewer materiaal wat 'n sluiterspoed van 1/40 van 'n sek moontlik gemaak het was die era van spoed werklik hier.

Vandag is 'n baie vinniger spoed natuurlik moontlik met moderne sluiters wat gekoppel is aan vinniger lense en films. Selfs die goedkoopste en eenvoudigste kamera werk teen omtrent 1/60 van 'n sekonde en beter kameras werk teen 'n sluiterspoed van 1/250 van 'n sekonde en hoër. Wanneer elektroniese flits gebruik word is die plaas van sluiters is asemrowende spoed moontlik. Spoed is egter relatief. Selfs wanneer aksie uitgebeeld word is die hoogste sluiterspoed wat die kamera oor beskik miskien nie eers nodig nie.

Dit is fotografie van reguit lynaksie - bewegende motors, 'n trein - waar beweging baie belangrik word. Wanneer jy langs 'n hoofweg staan en motors dop hou sal jy waarneem dat wanneer die motors nog honderde meters ver weg is, is daar geen duidelike aanduiding van die spoed nie, die motors word slegs groter.

Wanneer die motors nader kom word hulle vinniger groter en net soos hulle verby blits moet jy jou kop vinnig swaai om hulle baarlik te sien. Soos die motors weg ry van jou af word die proses omgekeer en word eers vinnig kleiner en dan stadiger.

Wanneer jy 'n kamera in die hand het beteken die gebeurtenis slegs dat dit 'n hoër sluiterspoed sal vereis om die beweging te vries wanneer dit reg voor jou verby beweeg as wanneer dit aankom of weg van jou beweeg.

Wanneer jy 'n paar honderd meter weg beweeg van 'n hoofweg is die hoek tussen jou en die aankomende verkeer nie so skerp nie. Die motors se spoed op 'n afstand is meer sigbaar, maar snaaks genoeg nie in die geval van waar die motor verby jou beweeg nie.

Jy kan amper fyner besonderhede van die motor uitmaak. Dit is ook nie meer nodig om jou kop so wies te swaai om die aksie te volg nie. In so 'n geval sal jy 'n bietjie meer spoed nodig hê vir die naderende motor en nie soveel meer vir die verbygaande motor nie.

SPORTSOORTE

Niks dra meer by tot die sukses van sportfotografie as 'n deeglike kennis en gevoel van die spesifieke sportsoort nie. Om die maksimum inpak in 'n aksiefoto te kry moet jy 'n sin van tydsberekening voeg by jou toerusting om dit vaardig te gebruik.

KRIEKET

Die afstand waaroor krieket gespeel word is groot en 'n 600mm lens is ideaal. As gevolg van die gewig en die lang periodes wat gewag moet word tussen aksie is 'n driepoot feitlik noodsaaklik.

Veranderinge in die plasing van veldwerkers sal voorstel waar 'n vangkans heel moontlik kan plaasvind of probeer kan word.

Deur te skiet van agter die kolwer kan 'n fotograaf goeie foto's van die aankomende bouler kry. Minimum sluiterspoed soos die meeste ander sportsoorte moet 1/500 van 'n sekonde wees.

VOETBAL

Die spansport wat op groot velde gespeel word en aksie wat oor 'n aansienlike area plaasvind bemoelik kanse om te skiet. Meeste van die belangrikste aksie sal heelwaarskynlik naby aan albei kante van die veld gekonsentreer wees.

In voetbal sal die doelhokke heelwaarskynlik die meeste aandag lok. 'n Kamera posisie reg agter die doelhokke wat deur professionele fotografe verkies word kan inwerklikheid jou uitsig beperk.

Doel en drie is belangrik vir professionele fotografe, maar fotografe wat vir sy eie plesier skiet sal miskien vind dat daar meer geleenthede van 'n middelveld posisie af is.

Minder belangrike wedstryde en vriendskaplike wedstryde bied makliker toegang vir fotografe. Aangesien die afstand van die aksie onvoorspelbaar is en verskil kan 'n zoemlens bruikbaar wees of andersins 'n kombinasie van twee kameras, een met 'n medium telefolens en die ander met 'n medium na lang telefolens.

'n Grondvlak posisie gee meestal die minste gekompliseerde uitkyk met 'n telefolens deur die spelers te plaas teen die uitfokus agtergrond van die paviljoene en toeskouers. 'n Motoraandrywer is handig.

BAAN ATLETIEK

Sleutel posisies is die wegspring en wenstreep, maar van voor op die draai van die baan bied ook kanse om atlete in groepe te fotografeer. By die wegspring posisie is die atlete in groter groepe byeen, alhoewel die mees interessante aksie later in die wedloop plaasvind.

Vir foto's van reg van voor in kortafstand items soos die 100 meter moet jy seker maak dat die kombinasie van lens fokalelengte en kamera posisie 'n wydgenoeg uitkyk van die hardlopers by die wenstreep gee. 'n Ander opsie is om 'n tweede kamera gereed te hê met 'n kleiner telefoto lens. 'n Posisie van binne die baan gee die meeste vryheid van beweging, maar dit vereis van jou om toestemming te verkry.

'n Telefoto lens van 'n afstand af bied meer tyd om te skiet as 'n standaard of wye hoek lens van naby aan die baan. Sluiterspoed van ten minste 1/500 van 'n sekonde is nodig. 'n Motoraandrywer is handig.

VELD ATLETIEK

Die sport soorte verskil baie en die geleenthede wat dit bied vir fotografie, maar vir die meeste is daar presiese plekke waar die aksie plaas vind, soos die dwarslat van hoogspring of paalspring en die aftrappunt van verspring.

Op hierdie punte kan vooraf gefokus word. Hoe naby jou kamera posisie aan die item mag wees sal afhang van die status van die sportseleentheid en dit is raadsaam om vooraf uit te vind aangesien dit die fokale lengte wat nodig is sal bepaal.

As gevolg van die groot afstande verbode in gholf moet daar baie geloop word. Die beste geleentheid sal waarskynlik die kragtige drywe en sethoue wees. Die geraas van 'n kamera mag onwelkom wees. Motor aandrywers en aanwenners moet nie gebruik word nie. Die fraksie van 'n sekonde nadat kontak gemaak is met die bal is dikwels die mees effektiefste oomblik om te skiet.

SWEM

Swemmers word beperk tot bane en dit maak dit redelik maklik om te fokus terwyl jy volg. Aangesien die meeste van die swemmer onder die water is, is dit gewoonlik belangrik om jou tydsberekening reg te kry vir wanneer die swemmer se kop heeltemal uit die water is. Dit kan min of meer bepaal word deur slegs 'n paar slae dop te hou.

'n Medium telefoto lens sal waarskynlik die bruikbaarste fokale lengte wees tensy toegang tot die swembad se kant verkry kan word.

Onderwater foto's is 'n interessante alternatief veral by die draai aan die kante. Dit sal raadsaam wees om die soort foto's te neem deur beheer te hê daarvoor, as om dit gedurende 'n byeenkoms te doen.


MOTORRESIES

Vir veiligheids en sekuriteits redes is toegang gewoonlik beperk en dit is die moeite werd om toestemming te verkry tot kamera posisies binne die baan of naby aan die baan. Meeste renne duur 'n aansienlike periode en dit maak dit moontlik om van verskillende kamera posisies gebruik te maak. By die wegspring area is daar altyd moontlikhede vir aksie. Dele van die baan wat bekend is as plekke waar verby gesteeek word is ook goed om dop gehou te word. 'n Lang telefoto lens kan goeie kompakte uitsigte gee reg van voor by kurwes. "Panning" teen baie stadige sluiterspoed is ook nog 'n alternatief.

KRAGBOOTRENNE EN SEILJAG WEDVAARTE

Die beste posisie is ontrent altyd op 'n boot en een of meer sal gewoonlik beskikbaar wees vir fotografe en verslaggewers by belangrike byeenkomste. Spesiale toestemming sal ook gewoonlik benodig word.

'n Verskeidenheid lense is handig, sowel as waterdigte sakke en voorsorg moet getref word vir skoonmaak toerusting ingeval van jou toerusting nat word as gevolg van watersproei. 'n Onderwater kamera wat op die waterlyn gehou word kan ook vir dramatiese foto's sorg.



BOKS

Om boks af te neem lyk baie maklik, maar dit is egter baie moeilik. Dit vereis baie oefening, antisipasie en goeie tydsberekening om weg te kom met 'n foto van 'n bokser wat aan die ontvangkant is van 'n goeie hou.

Die meeste foto's word van langs die kryt geneem met die fotograaf wat of onder die onderste tou of tussen die onderste tou en die tou net bo dit opereer. Die aksie kan enige plek gebeur.

Wanneer daar van langs die kryt geneem word is dit raadsaam om van twee kameras gebruik te maak wat met 35mm en 85mm lense toegerus is. 'n Derde kamera met 'n 24mm lens is handig ingeval een van die bokkers plat geslaan word naby aan jou posisie.

'n 180mm lens kan gebruik word om bokkers af te neem tussen rondtes wanneer hulle aandag ontvang van hulle helpers in hulle onderskeie hoeke. By sommige arenas is dit moontlik om te werk vanaf 'n balkon wat oor die kryt uitkyk. Sulke posisies mag minder beknop en makliker wees as langs die kryt.

Die lense wat gebruik word sal ook afhang van hoe ver die balkon weg is van die kryt. Afgesien van 'n lens vir kompakte aksie foto's in die kryt is 'n lens ook nodig wat die hele kryt kan wys ingeval van 'n bokser wat planke toe gestuur word met 'n uitklop hou.

Selfs by gevegte wat vir televisie belig is kan jy verwag om gebruik te maak van 1600 ASA film of selfs vinniger. Die ligte is omtrent regoor die bokkers en van die lig kan gereflekteer word deur die kryt se mat om die skaduwees uit te wis. Dit kan moontlik wees om 'n invallende liglesing te neem in die kryt voordat die geveg begin. $1/250$ van 'n sekonde is te stadig om die aksie te stop en dit is raadsaam om 'n sluiterspoed van $1/500$ van 'n sekonde te gebruik.



FIGUUR 1: SAALPERD

DIE SKRYWER

Deur plat op my rug te lê het ek die saalperd in aksie afgeneem.

BLADSY 27



FIGUUR 2: RUGBY

DIE SKRYWER

Met groot inspanning word daar vir die bal gespring.


BLADSY 28



FIGUUR 3: MOTO X

DIE SKRYWER

BLADSY 29



FIGUUR 4: ROLBAL

DIE SKRYWER

BLADSY 30



FIGUUR 5: ONDERWATERHOKKIE

DIE SKRYWER

Met 'n wyehoeklens het ek op die rand van die swembad gestaan en gewag vir die regte oomblik.

BLADSY 31



FIGUUR 6: MARATON

DIE SKRYWER

Vir die foto het ek die zoem tegniek gebruik om beweging te verkry met die aankomende atlete.

BLADSY 32



FIGUUR 7: KARATE

DIE SKRYWER

BLADSY 33



FIGUUR 8: MICROLITE

DIE SKRYWER

BLADSY 34



FIGUUR 9: FIETSRY

DIE SKRYWER

BLADSY 35



FIGUUR 10: KRIEKET

DIE SKRYWER

BLADSY 36



FIGUUR 11: POOL

DIE SKRYWER

BLADSY 37



FIGUUR 12: WATERPOLO

DIE SKRYWER

Deur plat op my maag te lê agter die doelhok het ek daarin geslaag om die aksie van die doelwagter vas te vag.

BLADSY 38

SLOT

Atlete probeer hoër spring, verder gooi, vinniger hardloop as enige iemand anders; met ander woorde hulle streef daarna om 'n rekord te breek. Sport fotografe het dieselfde doel. Hulle gebruik langer lense om nader aan die aksie te kom as hulle mede fotografe; hulle klim hoër om nuwe perspektief te kry en hulle druk films vinniger om beweging te vries.

Sport fotografe streef daarna om die vinnige aksie en drama van kompetisie op 'n unieke manier op film vas te lê.

BIBLIOGRAFIE

- FREEMAN, M. THE 35MM HANDBOOK
Hong Kong, Park Lane, 1991
- FREEMAN, M. THE COMPLETE GUIDE TO PHOTOGRAPHY
London, Headline, 1991
- HOY, F.P. PHOTOJOURNALISM, THE VISUAL APPROACH
New Jersey, Prentice Hall, 1986
- LANGFORD, M. THE STORY OF PHOTOGRAPHY
London, Focal Press, 1980
- NEWHALL, B. THE HISTORY OF PHOTOGRAPHY
Boston, Little Company, 1982
- SCOTT, T. HOW TO CATCH THE ACTION
London, Time-Life Books, 1984



BLADSY 40

